

Die eerste onsekere treë van die onafhanklike koerantbedryf in Suid-Afrika: *The South African Commercial Advertiser (SACA)* en slawerny in 1824

Gawie Botma

Gawie Botma, Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

The South African Commercial Advertiser (SACA), wat in 1824 gestig is, het ná 200 jaar onbetwiste status as eerste onafhanklike koerant en baanbreker van die joernalistiek in Suid-Afrika.

Hierdie artikel herbesoek die koerant se geskiedenis om een onderbeklemtoonde aspek na te vors, naamlik die koerant se kommersiële posisionering ten opsigte van slawerny. Aan die een kant het *SACA* 'n aktivistiese rol gespeel, wat dikwels aangeprys word, maar die koerant het ook advertensies van die slawehandel gepubliseer. Hierdie teenstrydigheid ontlok die vraag of die koerant se geïdealiseerde posisie in die joernalistiekgeskiedenis moontlik heroorweeg moet word.

Die vertrekpunt van die artikel is dat die aanvaarde geskiedenis deur elke nuwe generasie op soek na nuwe vrae en vars insigte beskou moet word. Die navorsingsvraag word ondersoek deur 'n literatuuroorsig oor *SACA* se stigting en rol te onderneem, aangevul deur 'n kwalitatiewe ontleeding van koerantinhoud in sy stigtingsjaar.

Die artikel toon aan dat *SACA* se posisionering die gevolg was van 'n netwerk van gebeure en belang, insluitend die "liberale" tydsgees aan die begin van die 19de eeu, die persoonlike ambisies en doelwitte van die stigters, die invloed van vername rolspelers, en die politieke en ekonomiese realiteite van die Kaap in 1824. Die slotsom is dat *SACA* se invloed en nalatenskap moontlik meer nuansering verdien as wat gebruiklik in die geskiedskrywing geword het.

Trefwoorde: advertensies; geskiedenis; herbesoek; Kaapkolonie; koerante; nalatenskap; negentiende/19de eeu; persvryheid; redaksionele posisionering; *SACA*; slawerny; teenstrydigheid; *The South African Commercial Advertiser*

Abstract

The first tentative steps of the independent newspaper industry in South Africa: *The South African Commercial Advertiser (SACA)* and slavery in 1824

After nearly 200 years, *The South African Commercial Advertiser (SACA)*, which was founded in 1824, enjoys an unrivalled status as the first independent newspaper and trailblazer for journalism in South Africa.

This article revisits the history of the newspaper to research one aspect that has been under-emphasised, namely its commercial positioning regarding slavery. On the one hand *SACA* played an activist role against slavery, which is often praised, but the newspaper also published advertisements for the slave trade. This contradiction invites the question whether the newspaper's idealised position in journalism history needs to be reconsidered.

The departure point of this article is that the accepted versions of history need to be revisited by each new generation in search of new questions and fresh insights. The research question, whether current journalism scholars should reconsider *SACA*'s history considering its apparent contradictory positioning towards slavery, is investigated through a literature review of *SACA*'s founding and role, supported by a qualitative content analysis of the newspaper in its first year.

The qualitative content analysis concentrated on a facsimile edition of the first eighteen editions of *SACA* published in 1978 by the South African Library. The book is also available in digital format on Google Play. The first eighteen editions were read chronologically to discover themes and trends, after which specific searches were conducted in the digital edition by using words like "slave" and "slavery".

The article found that *SACA*'s positioning towards slavery in its founding period was the result of diverging interests and driving forces. Firstly, there was the opposition of Governor Lord Charles Somerset to a free press and what he regarded as other revolutionary elements in Cape colonial society. In particular, Somerset was suspicious of the involvement of Dr John Philip, head of the London Missionary Society, who preferred to contribute behind the scenes to the struggle for press freedom but did not fool Somerset. More on the forefront as targets of Somerset's dislike were George Greig, the founder of *SACA*, who soon involved two other prominent journalistic role players, the British Settler Thomas Pringle and his friend John Fairbairn. Especially the latter would later be a major driving force behind *SACA*, but in 1824 these men formed a formidable team. However, because of the governor's even more formidable autocratic powers, the founders of *SACA* were vulnerable and had to be strategic in pursuing their interests.

Thus *SACA* tempered its political positioning by underemphasising controversial topics, otherwise it would have been an easy target for censorship. But on one principle *SACA* stood firm: No pre-publication censorship was acceptable, while the newspaper was sure that it would gain the support of many colonists by campaigning for more civil liberties. Slavery, however, was a divisive issue.

Although Somerset implemented regulations in 1823 to improve the conditions of slaves, Pringle and his associates questioned his commitment to a "liberal" agenda, and their trust was obviously eroded further by his effort to hamper their projects, which included a magazine, school and literary society besides the newspaper.

SACA's founders also thought strategically about their potential colonial readership and had various reasons to establish a good relationship with all the white colonists. Fairbairn and friends were idealistic and saw visions of *SACA* as a vehicle for political mobilisation to achieve more civil liberties, including representative government, and to achieve this, co-operation between Dutch and English speakers was necessary. The divisive issue of slavery thus had to be underemphasised at the start, because many of the former were slave owners with vested interests. There was also a view that a united democratic movement of colonists could or would emancipate slaves.

Another issue to consider is that for the founders of *SACA* the meaning of “liberal” should be understood in the context of the 19th century. As can be seen in the example of Benjamin Franklin of the United States – who inspired Fairbairn – a certain contradictory positioning towards slavery was part of the dilemma with which groundbreaking reformers in the West struggled from early on. Although they were supporters of abolition, they were confronted with so many influential role players with vested interests in slavery that compromises seemed inevitable. Examples of newspapers in America and Canada with a similar contradictory positioning towards slavery were noted.

SACA also emulated other abolitionists in trying to avoid religious and emotional arguments about slavery. Instead, it was pragmatic, and balanced its disapproval of slavery with counter-arguments about slaves as “legally obtained property” and leaving the “slave question” in the hands of the British government to resolve.

The latter is connected to an important aspect of *SACA*'s early positioning towards slavery that is perhaps sometimes ignored: the strong commercial interest which the newspaper represented from the start for its founders. Advertisements about the slave trade contributed to its income, and the argument could be presented that the newspaper did not want to exclude slave advertisements while some of its readers were involved in slavery as a legal activity. Slave owners were also involved in many other trading activities, and to alienate them could have had a rippling economic effect.

As a symbolic trailblazer of the founding of independent South African newspaper journalism, the principled stance of the founders of *SACA* on censorship is a beacon to celebrate. But a closer look at the history also shows that regarding the issue of slavery, the first tentative steps of *SACA* were influenced by everyday personal intrigues, ambitions, the diverging interests of several individuals, the realities of political and economic challenges, and the colonial *zeitgeist* at the beginning of the 19th century. The story of *SACA*, in other words, deserves to be presented with several nuances. In that sense, the history of journalism two centuries later has probably not changed much.

Further research is needed into the history and development of the so-called church-state separation between editorial and advertising content which has been established in the press/media since at least the 20th century, but which apparently remains under pressure and is often questioned. An example from the 20th century was the campaign by some media companies to retain the advertisement of tobacco/smoking for commercial reasons, while editorial staff members were reporting about the health risks of smoking. Recently, the British newspaper *The Guardian* announced that it was banning advertisements of gambling because it is considered to be such an addictive activity, while in South Africa the South African Broadcasting Corporation (SABC) rejected a notice with political content from a civic society organisation.

Debates over the positioning and role of independent commercial journalism in society, which started in South Africa with the founding of *SACA*, are therefore continuing.

Keywords: advertisements; Cape Colony; contradiction; editorial positioning; history; legacy; newspapers; nineteenth / 19th century; press freedom; revisit; slavery; *SACA*; *The South African Commercial Advertiser*

1. Inleiding

In 2024 bereik die Suid-Afrikaanse onafhanklike koerantbedryf 'n besonderse mylpaal, naamlik die 200-jarige herdenking van sy ontstaan op Woensdag 7 Januarie 1824. Dit was die dag waarop die eerste uitgawe van *The South African Commercial Advertiser* (*SACA*) op straat in Kaapstad met sy nagenoeg 20 000 inwoners van uiteenlopende afkoms en stand verskyn het.¹



Figuur 1. Die voorblad van SACA op 7 Januarie 1824

Bron: Suid-Afrikaanse Biblioteek-herdrukreeks 6. 1978. *The South African Commercial Advertiser No 1 January 7 1824 to No 18 May 5 1824 together with facts connected with the stopping of The South African South African Commercial Advertiser*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

Die agtergrond en verreikende gevolge van die gebeurtenis is al dikwels deur mediahistorici herbesoek, mees onlangs deur Rabe (2020:50–73) in die konteks van die oorsigtelike geskiedenis

van mediavryheid in Suid-Afrika. In die tradisie van invloedryke voorgangers in die media-geskiedskrywing word *SACA* se trotse nalatenskap daarin bevestig deurdat beskrywings van die gebeure en hoofrolspelers dikwels gelade beskrywings bevat. In verband met *SACA* word woorde soos “liberaal”, “filantropies”, “uitdagend”, “uitgesproke”, “vreesloos”, “eindeloze integriteit”, “onselfsugtig en beginselvas” en “hardkoppig” dikwels gebruik [eie vertaling uit Engels] (sien ook Muller 1990; Hachten en Giffard 1984; Botha 1984; De Kock 1983, 1982; Du Plessis 1943; Gunter 1930).

In die konteks van koloniale joernalistiek het dit “nie net gegaan om die reg om ‘feite’ te druk nie, maar ook om die reg om nuus krities aan te bied” (De Kock 1983:72). *SACA* se bydrae tot die stryd om persvryheid was dat George Greig, Thomas Pringle en John Fairbairn geweier het om staatsensuur voor publikasie te aanvaar as voorwaarde vir voortbestaan.

Klem word in sommige navorsing gelê op die koerant se bydrae tot die ontwikkeling van ’n “koloniale openbare sfeer” (McKenzie 1998), terwyl sy bydrae tot die bevordering van Kaapse handel in ander na vore kom (Meltzer 1989). *SACA* se rol in die veldtog om slawerny af te skaf en die regte van inheemse Afrikane te bevorder, en sy beywering vir ’n stelsel van verteenvwoerdigende regering vir die Kaapkolonie is ander aspekte wat dikwels in bogenoemde bronne belig word.

Maar bogenoemde bronne ignoreer deur die bank ’n teenstrydige aspek van die geskiedenis van *SACA* wat in hierdie artikel aan bod kom, naamlik dat dié “liberale” koerant wat teen slawerny gekant was, ook sedert sy eerste verskyning advertensies oor die slawehandel gepubliseer het. Hierdie bevinding ontlok die vraag of/hoe *SACA* se status as grondlegger van moderne liberale koerantjoernalistiek in Suid-Afrika daardeur beïnvloed word.

’n Verwante kwessie, wat nie deur hierdie artikel ondersoek word nie, maar deel van verdere navorsing kan uitmaak, is of die sterk verdeling/onderskeid tussen redaksionele en advertensieinhoud en -belange, die sogenaamde kerk-staat-skeiding (sien Starkman 2013), wat professionele Suid-Afrikaanse joernalistiek in die 20ste eeu gekenmerk het, reeds met die stigting van koerante in die 19de eeu aanwesig was, of eers mettertyd ingetree het. Wat egter hier aanvaar word, is dat die eienaars, uitgewers, drukkers en redakteurs as “hekwagters” verantwoordelikheid aanvaar het vir die totale inhoud, insluitende nuus, redaksionele menings, leserkommentaar en advertensies. ’n Hedendaagse voorbeeld van die South African Broadcasting Corporation (SABC) wat geweier het om ’n radio-advertensie van ’n burgerlike organisasie uit te saai (AfriForum 2023) toon dat mediaorganisasies ’n vetoreg voorbehou in hulle advertensiebeleid – iets wat argumentshalwe ook tot die beskikking van koerantuitgewers in die 19de eeu was.² Daarby kan die punt gevoeg word dat koerantnavorsing wat slegs op redaksionele inhoud konsentreer en advertensies ignoreer, belangrike insigte mag miskyk.

Hierdie artikel is geïnspireer deur ’n aanhaling van die historikus Christopher Hill: “History has to be rewritten in every generation, because although the past does not change, the present does; each generation asks new questions of the past and finds new areas of sympathy as it re-lives different aspects of the experiences of its predecessors” (Goodreads s.j.). Die argument is dat die geskiedenis van *SACA* dikwels oppervlakkig en oorsigtelik behandel word, en hierdie artikel toon aan dat nuwe insigte na vore kom deur indringende navorsing, insluitend navorsing oor die inhoud van die koerant se redaksionele asook advertensieruimte in sy eerste verskyningsjaar.

In hierdie artikel word die baanbrekersrol van *SACA* nie ontken nie, maar wel genuanseerd aangebied deur na aspekte van die stigtingsgeskiedenis en die inhoud van 1824 te kyk wat

moontlik voorheen onderbelig is, en spesifiek die kwessie van slawerny in die konteks van sy tyd. *SACA* se posisie ten opsigte van slawerny moet gekwalifieer word deur meer indringend na sy politieke en kommersiële doelwitte met sy stigting in 1824 te kyk.

Die klem wat in bostaande bespreking geplaas is op *SACA* as die baanbreker van die “onafhanklike” koerantbedryf is doelbewus, want dit was nie die eerste Kaapse koloniale koerant nie. Dié posisie behoort aan *The Cape Town Gazette and African Advertiser / Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter* (CTG/KSC) wat in 1800 onder sanksie van die koloniale regering gepubliseer is en van meet af aan as “staatskoerant” beskou is (Botma 2023). Daarmee saam het die staat ’n monopolie in die drukbedryf bekom en behou wat eers in 1824 deur *SACA* uitgedaa is. Hoewel die geskiedenis en invloed van CTG/KSC moontlik in die verlede onderbelig en misken is, soos ek in my genoemde artikel aantoon, is dit waar dat dit onder streng persensuur moes funksioneer en aan bande gelê is. Talle waarnemers is dus met reg kritisies oor die beperkte joernalistiese rol wat dit in die vroeë Kaapse samelewing gespeel het.

Die verskyning van *SACA* het die onderdrukkende staatsmeganisme in die pers uitgedaa, met die gevolg dat sy strewe na onafhanklikheid ook gesien word as teken van die begin van die “ware” koerantbedryf en joernalistiek. Wanneer hierdie geskiedenis herbesoek word, ontstaan die vraag: Hoe verstaan hedendaagse waarnemers van die joernalistiek die teenstrydige posisie van *SACA* jeens slawerny wat betref sy redaksionele beleid enersyds, teenoor sy advertensiebeleid andersyds in sy vestigingsperiode in 1824? Vervolgens word die metodologie wat ingespan is om hierdie vraag te beantwoord van nader belig.

2. ’n Nota oor teorie en metodologie

Rabe (2021:263) verwys na Mouton wat aandui dat “geskiedkundige studies die verlede deur ’n chronologie van gebeurtenisse weergee” en dat die “krag van ’n narratiewe ontleding ... daarin [lê] dat die navorser help om ’n verlede te herbou danksy narratiewe tegnieke, terwyl dit terselfdertyd lig werp op die veranderingsprosesse binne ’n organisasie, of [...] ’n tydvak”. Binne hierdie benadering is daar beperkings, wat insluit die gebruik van sekondêre databronne, die oordeel van die navorser, asook verskillende teoretiese benaderings wat mekaar kan weerspreek.

In hierdie artikel word die tydvak aan die begin van die 19de eeu aan die Kaap herskep deur ’n kwalitatiewe narratiewe ontleding van die ontstaan, ontwikkeling en redaksionele posisionering van hierdie spesifieke koerant. Saam met gepubliseerde sekondêre tydgenootlike en historiese bronne word die inhoud van die koerant onder bespreking as primêre bron ontgin om van bogenoemde beperkings teen te werk. Die teoretiese benadering berus op ’n uitspraak van Christopher Hill (reeds bo vermeld) asook die Duitse filosoof R.D. Precht wat volgens Rabe (2021:263) skryf dat

geskiedskrywing geen wetenskap is wat “ysere vasgelegde reëls” volg nie. Net so min, meen hy, is dit die teenoorgestelde, naamlik ’n “kuns”. Dit kan ook nie ’n tussengrond wees nie, naamlik dat dit ’n “potpourri van menings” is. Inderdaad, skryf hy, selfs net wat geskiedenis behóórt te wees, is reeds ’n filosofiese vraag. Daarom is dit uiteraard ook subjektief, want nie net lê daar tussen een beskouing en ’n volgende verskillende tydperke nie, maar ook verskillende wêrelde.

Hierby kan Conboy (2012:1) se mening gevoeg word, naamlik dat mediageskiedenis een van die mees vrugbare, maar onontginde subvelde van die joernalistiekstudie is.

Hierdie artikel berus dus op twee navorsingsmetodes, naamlik 'n literatuuroorsig en 'n kwalitatiewe inhoudsonleding van *SACA* tussen 7 Januarie en 5 Mei 1824. Hierdie periode is gekies omdat dit die aanvanklike redaksionele posisionering van *SACA* terwyl die stigtersgroep van George Greig, Thomas Pringle en John Fairbairn saam in beheer was, aandui (Botha 1984:18). Soos die bespreking onder aantoon, is die koerant ná die eerste 18 uitgawes vir die eerste maal gesluit; toe dit in 1825 herleef het, was Pringle weg; en daarna het Fairbairn se aandeel nog groter geword, totdat Greig s'n ná 1835 verdwyn het. Oor *SACA* onder Fairbairn in die later jare is al heelwat navorsing gedoen, maar die stittingsperiode van 1824 is nog onderbelig.

Vir die literatuuroorsig om die oorsigtelike geskiedenis van *SACA* te skets en om beskouings oor sy rol en nalatenskap te vind, was verskeie bronne van nut (soos aangedui in die bibliografie). Die kwalitatiewe inhoudsonleding het gebruik gemaak van 'n faksimilee-uitgawe van die eerste 18 uitgawes wat in 1978 deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek uitgegee is. Die boek is ook in digitale soekformaat op Google Play beskikbaar. Die 18 uitgawes is eers chronologies deurgewerk om temas en tendense te ontdek, wat daarna gebruik is vir spesifieke soektogte in die inhoud met soekwoorde soos "slaves" en "slavery". Die bespreking onder is gestructureer volgens die temas wat uit die literatuuroorsig en teksontleding na vore gekom het. Waar toepaslik word direkte aanhalings uit die koerant verskaf, aangevul deur kommentaar uit tydgenootlike en historiese bronne.

Aangesien die kwessie van slawerny sentraal staan, kom dit vervolgens aan bod, gevvolg deur 'n bespreking, met voorbeeld, van die advertering van slawerny in *SACA*. Daarna word die stigting van *SACA* bespreek op soek na leidrade vir sy posisionering, gevvolg deur 'n bespreking van faktore wat die posisionering ten opsigte van slawerny beïnvloed het, insluitend:

- die verhouding tussen Engels- en Nederlandsspreekendes
- die 19de-eeuse konteks van die redakteurs se liberalisme
- die teenwoordigheid van rolspelers van buite soos John Philip.

Ten slotte word die sentrale navorsingsvraag beantwoord.

3. Slawerny aan die Kaap: Die situasie in 1824

Slawerny bestaan sedert antieke tye in talle dele van die wêreld, maar Europese kolonisering het vanaf die 15de eeu momentum verskaf aan die uitbreiding daarvan, ook na die Kaap, waar Nederlanders en ander hulle sedert 1652 gevestig het (Shell 1994:xix).

Slawerny was sedert die 17de eeu die hoofarbeidsisteem in die Kaapkolonie en 'n belangrike bepalende faktor in die sosiale struktuur. Koloniste het dit oor die algemeen aanvaar en volgens hulle beginsels verdedig (Armstrong en Worden 1979:163). Maar teen die begin van die 19de eeu het veranderende ekonomiese realiteite en nuwe ideologiese strominge uit veral Brittanje tot oproepe om die vrystelling van alle slawe in sy kolonies gelei (Mason 1994:77).

Gebeure in die Britse Ryk in die geheel het op die Kaap se slawe-ekonomie ingespeel. In 1808 is slawehandel in die Britse kolonies beëindig, wat momentum aan die vrystellingsbeweging gegee het. Al was slawerny nog wettig, het die afskaffing van die slawehandel deur Brittanje filantropie daar oortuig dat hulle slawerny as sodanig kon beëindig, ook in die Kaapkolonie (Streak 1974:5). Talle besoekers uit Brittanje en Europa aan die Kaap het verslae gepubliseer waarin die koloniste se slawebelange kritis bespreek is, dus was druk aan die oplai. In Brittanje het voorstanders van die afskaffing van slawerny in die Britse parlement, aangevuur deur openbare sentiment, 'n dekades lange fel stryd gevoer teen diegene met slawebelange, veral in die Britse kolonies in Wes-Indië, maar ook aan die Kaap.

Met die kom van die Britse Setlaars in 1820 is hulle verbied om slawe te besit, wat beteken het dat Kaapse slawebesit oorwegend – maar nie uitsluitlik nie – in die hande van gevestigde Nederlandssprekende koloniste gesentreer gebly het (Ross 1994:148). Wantroue en spanning tussen die taalgroepe is dus deur die “slawevraagstuk” (Watson 1990) aangewakker.

Intussen is wetgewing aangepas om die omstandighede van slawe te verbeter en hulle op vrystelling voor te berei deur onder meer opvoeding, onder andere deur goewerneur lord Charles Somerset aan die Kaap in 1823. Hierdie stap, wat onder meer die riglyne waarvolgens slawe gestraf kon word, aangepas het, was egter nie besonder omstrede onder Kaapse slawe-eienaars nie, omdat dit die basiese beheer van slawe-eienaars oor hul slawe in stand gehou het en meer direkte ingrype van die koloniale kantoor in Londen voorkom het (Armstrong en Worden 1979:166).

Dit was eers teen 1826, ná die vertrek van Somerset, dat die ooreenkoms tussen die Kaapse slawe-eienaars en die koloniale owerhede begin verbrokkeld het en die Britse regering sterk en regstreeks met slaweregulasies ingegrif het. 'n Amptelike slawebeskermer, met assistente in die buitedistrikte, is in 1826 aangestel om regulasies af te dwing. Teen hierdie tyd het *SACA* merkbaar meer doelbewus standpunt oor slawerny begin inneem (hoewel die koerant voortgegaan het om advertensies vir die slawehandel te plaas).

Ná vele omwentelinge, waartydens *SACA* se belangrike aktivistiese rol verdiep het, is slawerny wel in 1834 aan die Kaap afgeskaf, maar die slawe was nog tot 1838 “ingeboek” by hulle vorige eienaars en gevolelik eers daarna volkome vry.

Vir die doeleindes van hierdie artikel is dit dus belangrik om kennis te neem daarvan dat slawerny teen 1824, toe *SACA* gestig is, reeds 'n veelbesproke, omstrede en besonder verdelende onderwerp in die Kaapse koloniale gemeenskap was – maar nog nie op die spits gedryf nie – en dat *SACA* se hantering van die onderwerp kort ná sy stigting daardeur gevorm is.

4. *SACA* en die advertering van slawerny in 1824

Wat presies die advertensiebeleid van *SACA* was, kon nie vasgestel word nie, maar terwyl die “liberale” redaksionele inslag van die koerant, asook sy posisie as kampvegter teen slawerny nie betwyfel word nie, is dit opvallend dat kommersiële aktiwiteite rondom slawerny ook daarin gepubliseer is.

Op die oog af het *SACA* minder advertensies van die slawehandel gepubliseer as sy enigste mededinger in die vestigingsperiode in 1824, die staatskoerant *CTG/KSC*, maar advertensies in hierdie kategorie het wel betreklik gereeld verskyn. Dit toon dat die koerant wel voordeel getrek het uit die slawehandel, terwyl die redakteurs hulle (al was dit aanvanklik redelik subtel) daarteen geposisioneer het. Hoewel hierdie artikel nie probeer om 'n omvattende oorsig oor *SACA* se rol en posisie in die slawernydebat tot 1838 te bied nie, is voorlopige aanduidings op grond van die beperkte inhoudsontleding dat die koerant aanvanklik intern teenstrydige standpunte ingeneem het.

Die bevinding toon dat *SACA* sy eie kommersiële belang, wat verbind was aan die standpunt van slawe-eienaars dat slawe wettig verkrygde “eiendom” was, bevorder het deur die publikasie van betaalde advertensies toe te laat. Dit was ondanks 'n morele afkeer van slawerny onder sy stigters soos weerspieël deur hulle redaksionele posisionering en ondersteuning van afskaffing. Dié teenstrydigheid, so argumenteer hierdie artikel, het tot die instandhouding van die stelsel bygedra.

Die volgende kategorieë en voorbeeld van slawe-advertensies is met behulp van my inhoudsontleding geïdentifiseer (let wel: slegs vir die eerste 18 uitgawes tot met sy eerste staking; met die herlewing en voortbestaan van die koerant in 1825 en daarna het veel meer advertensies van hierdie aard in *SACA* verskyn totdat slawerny afgeskaf is).

4.1 Slawe op plase te koop

In die eerste uitgawe op 7 Januarie 1824: 'n private verkoping van "2 desirable and pleasantly situated Freehold Farms, at Rondebosch" en ingesluit onder die huishoudelike goedere, plaastoerusting en –diere, "some Male and Female Slaves used to House Work and Field labour". Die uitgawe van 14 Januarie 1824 publiseer 'n herhaling van die advertensie, wat ook op 21 Januarie 1824 verskyn, in beide Engels en Nederlands.

4.2 Knechte, insluitend slawe, benodig

Advertensies het gereeld verskyn vir die dienste van arbeiders, in baie gevalle ook slawe, maar nie uitsluitlik nie. In die tweede uitgawe, op 14 Januarie, het die volgende in Engels en op die volgende blad ook in Nederlands verskyn:

WANTED, a Slave or Free Woman of Colour, as a House Servant, and occasionally to assist in Cooking she must be well recommended; apply No. 2, Castle Street.


BENODIGD eene slavin of vryzwarte als huismeid, die ook nau en dan het werk van eene Keukenmeid kan verrigten; zy moet goede getuignisse kunnen toonen. – Te bevragen in de Kasteel-straat No.2.

4.3 “Apply to the Commercial Printing Office”

In die uitgawe van 4 Februarie 1824 is die volgende opvallend:

FOR Private Sale a Female Slave, is a good House maid, Nurse, and can do well as a plain Cook for a small family: has an unexceptionable character for honesty, sobriety, and attention.—For further particulars, Apply at the COMMERCIAL PRINTING OFFICE.

Waarom aansoeke na die “Commercial Printing Office” verwys word, is onduidelik, maar dit is moontlik dat iemand betrokke by die koerant en/of sy drukwerk by die transaksie betrokke was. Die advertensie is ook in Nederlands aangebied in dieselfde uitgawe.




Figuur 2. In die uitgawe van 4 Februarie 1824

Bron: Suid-Afrikaanse Biblioteek-herdrukreeks 6. 1978. *The South African Commercial Advertiser No 1 January 7 1824 to No 18 May 5 1824 together with facts connected with the stopping of The South African South African Commercial Advertiser*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

4.4 Slawe te huur

Op 3 Maart 1824: “To hire—Four Male Slaves,—apply to Mr PATON. 16, Strand-street.”



Figuur 3. In die uitgawe van 3 Maart 1824

Bron: Suid-Afrikaanse Biblioteek-herdrukreeks 6. 1978. *The South African Commercial Advertiser No 1 January 7 1824 to No 18 May 5 1824 together with facts connected with the stopping of The South African South African Commercial Advertiser*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

4.5 Slawe, met kinders, te koop

Op 24 Maart 1824: “At the Auction Room of W. Liesching, on Saturday next, the 27th inst. will be sold a Slave Boy, Girl and 4 Children. The above Slaves will be sold to the highest bidder, and are not parted with for any fault.”

4.6 Adonis te koop

Op 14 April 1824: “Without Reserve, On Saturday next, the 17th instant, at the auction of W. Liesching, will be sold, a Slave Boy named Adonis: he is a good Shepherd and Stable Boy.”

4.7 “Goeie” slaaf te koop

Op 21 April 1824: “a Slave Boy, being a good Waggon-driver” is aangebied “For Private Sale”.

4.8 Slawe wat dros

Hoewel geen advertensie in hierdie kategorie in 1824 verskyn het nie, het dit meer gereeld voorgekom nadat die koerant in 1825 hervat is (hierdie advertensie as voorbeeld van die soort advertensies ná hervatting van publikasie in 1825, hoewel bostaande slegs ’n ontleding van die eerste 18 maande was). Op 18 Julie 1826 byvoorbeeld:

Fifty Rix Dollar Reward. Deserted on Friday morning last and supposed to be in secreted in some Maley house in this town, a slave boy named November; he is about 18 years of age, dark complexion. Had on when he ran away a pair of blue [...] trousers and dark brown duffle jacket. Whoever will bring said November to the undersigned, or lodge him at the Tronk shall receive the above reward. Those found neighbouring him will be prosecuted according to law. J.F. Zeiler.

Gegewe die besluit van die “liberale” *SACA* om advertensies van die slawehandel te aanvaar, ontstaan die vraag of daar aanduidings in sy stigtingsgeskiedenis is wat lig daarop werp.

5. Op soek na leidrade: Die stigting van *SACA* in 1824

Die geskiedenis van *SACA* is vervleg met die kom van die Britse Setlaars vanaf 1820 (Gunter 1930:26). Onder hulle was die skrywer en joernalis Thomas Pringle, wat eers sy hand aan boerdery in die Oos-Kaap gewaag het, maar kort voor lank sy literêre talente in Kaapstad begin ontgin het. Oor hierdie tydperk van vroeë optimisme skryf Pringle (1835:188) later in besonderhede soos volg:

The Governor had declared himself a friend to the mitigation of slavery, and had just issued a proclamation containing some beneficial and many plausible enactments; and, for the first time in the history of the colony, a white man was capitally punished for the murder of a slave. Great anxiety was professed for the establishment of English schools, and the encouragement of the English language and literature in South Africa. The public library, now under my personal charge, appeared to be warmly patronised by the Governor, and by all the chief functionaries.

Pringle stel met ander woorde self die kwessie van slawerny aan die orde wanneer hy oor sy belang aan die Kaap skryf. Aanvanklik het hy selfs die redakteurskap van *CTG/KSC* oorweeg, maar is gou deur Somerset se administrasie ontnugter en het ander planne in werkking gestel (Pringle 1835:191).

Sy werk as assistentbibliotekaris by die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Biblioteek, wat in Oktober 1822 begin het nadat Lt. Henry Hanson bedank het, het te min inkomste opgelewer (Tyrrell-Glenn 1972:120). Om sy salaris aan te vul het Pringle besluit om ’n skool en ’n literêre tydskrif te begin en sy vriend John Fairbairn in Skotland gevra om hom by hom aan te sluit. Fairbairn het ingestem en sy versiene ambisies as volg in ’n brief aan Pringle uitgedruk:

Your hint about Magazines and Newspapers pleases me exceedingly. What could hinder us from becoming the Franklins of the *Kaap*? The history of the settlement requires to be brought down by rational men on the spot for a good number of years. Little or nothing has been done in the natural history of South Africa since [die 18de-eeuse Europese reisskrywers] Sparrman and Vaillant; and it is a rich region in that respect. There are still unknown kingdoms, or at least provinces, for us to explore. I have a number of literary schemes in my head, some of which may furnish us with matter for communion. I suppose you have no such thing as public lectures among you on any subject. Yet surely popular lectures on Chemistry, Geology, Botany, and other departments of science, might be rendered both acceptable and useful to your new countrymen. (Pringle 1835:189)

Fairbairn se selfbewuste verwysing na “Franklins of the *Kaap*” herinner aan die rol van Benjamin Franklin as grondlegger van die Verenigde State van Amerika, onder meer as koerantredakteur en drukker, wat sy rolmodel geword het (McKenzie 1998:88). Dit dui daarop dat Fairbairn en Pringle, soos ander intellektuele aan die Kaap in die tyd, hulle rol as deel van ’n groter projek van Europese Verligting gesien het (Dick 2018). Fairbairn se verwysing dui ’n selfbewustheid aan oor moontlike literêre en politieke invloed soortgelyk aan Franklin as koerantredakteur, patriot, wetenskaplike rasionalis en “harbinger of liberty” (McKenzie 1998:88). Maar ook in hierdie verwysing is moontlik ironie te vind, want Franklin se historiese nalatenskap oor slawerny is teenstrydig: Hy het hom teen slawerny uitgespreek en was president van die Pennsylvania Abolition Society van 1787, maar was ook ’n slawe-eienaar en het die plasing van slawe-advertensies in die *Pennsylvania Gazette*, waarvan hy redakteur was, toegelaat (Penn & Slavery Project s.j.; Bird 2021:398). Voorts was die Amerikaanse grondwet waarvan hy in 1787 ’n ondertekenaar was, ’n kompromisdokument wat nie slawerny verbied het nie (Finkelman 2014:3).

Pringle het op 3 Februarie 1823, saam met die Kaaps-Hollandse predikant Abraham Faure, by goewerneur lord Charles Somerset aansoek gedoen om ’n literêre tydskrif te begin, maar dit is aangekeur ondanks hulle onderneming om nie by omstrede en politieke kwessies betrokke te raak nie (Botha 1984:15). Somerset se weiering van Pringle en Faure se aansoek om ’n literêre tydskrif aan die Kaap te begin, het dus momenteel ’n stok in die wiel gesteek, maar druk was aan die opbou, ook uit ander oorde.

Nog ’n immigrant uit Engeland, die drukker George Greig, het terselfdertyd as Pringle, Fairbairn en Faure ook planne vir ’n publikasie beraam (Botha 1984:16). Greig het drukmateriaal bekom deur ’n transaksie aan te gaan met L.H. Meurant, sr., wat dit reeds in 1822 aangeskaf het van ’n boot in Kaapstad-hawe nadat die vorige eienaars bankrot verklaar is (Du Plessis 1943:11). Greig, wat in Maart 1823 van Portsmouth in Engeland in die Kaap aangeland het (Voorwoord 1978), het die drukmateriaal oorgeneem op voorwaarde dat hy Meurant se seun, Meurant, jr., in die drukbedryf oplei (Du Plessis 1943:11).

In 1823 het Greig die goewerneur versoek om aan hom goedkeuring te verleen om ’n literêre en kommersiële tydskrif te begin, en (soos Pringle en Faure) onderneem om persoonlike twispunte en alle sake wat te doen het met die beleid en administrasie van die koloniale regering te vermy (Gunter 1930:31). Op 14 Augustus 1823 – die “dag waarop die stryd vir persvryheid begin het”, volgens Gunter (1930:31), is Greig in kennis gestel dat sy aansoek aangekeur is.

Greig het geweier om die besluit te aanvaar en het deur navrae oor die regsgronde waarop sy aansoek geweier is, vasgestel dat die publikasie van 'n koerant nie uitdruklik deur die koloniale perswet verbied is nie (De Kock 1982:41–2). Op 20 Desember 1823 het Greig die prospektus van sy voorgenome koerant aan die goewerneur gestuur en aangedui dat hy die gebreklike reaksie uit daardie oord nie aanvaar nie en eerder as toestemming sal beskou (Botha 1984:17).

Intussen het Pringle se versoek aan die koloniale regering ook inslag gevind en op 2 Desember 1823 het die goewerneur toestemming verleen dat hy *The South African Journal (SAJ)* mag publiseer.

Maar Greig se publikasieplanne was reeds verder gevorder, en op Woensdag 7 Januarie 1824 het *The South African Commercial Advertiser (SACA)* die eerste keer verskyn “at what was then No.1, Longmarket-street, opposite Caledon-square, on the premise then occupied by Mr. George Luck [...] as a wine store” (Meurant 1885:20). Behalwe Greig as eienaar en redakteur was die drukkers en assistente Michael Kears, John Eckley en die jeugdige Louis Henry Meurant betrokke (Meurant 1885:21). (Laasgenoemde sou later nog diep spore in die koloniale joernalistiek trap, onder meer as stigter van die *Graham's Town Journal* in 1831.)

Ná twee uitgawes van *SACA* het Greig vir Pringle en Fairbairn genader om (anoniem) as mederedakteurs op te tree, terwyl hy as eienaar, uitgewer en drukker aangebly het (Botha 1984:17). Vir Pringle en sy vennote was dit 'n besige bloeitydperk, want sy *SAJ* het op 5 Maart 1824 verskyn, en kort daarna Faure se *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift (NZAT)*.

Maar die wind sou gou uit hierdie drietal se publikasieseile geneem word, want die goewerneur het beswaar gemaak oor hofverslaggewing in *SACA* oor 'n saak waarin hy belaster is, en het op vooraf sensuur aangedring, maar Greig, Pringle en Fairbairn het geweier en ná die 18de uitgawe op 5 Mei 1824 die publikasie van die koerant gestaak (De Kock 1982:44–5). Greig is summier uit die kolonie verban, maar het self vertrek om die aksie in Engeland te beveg, kort nadat hy op 10 Mei 1824 'n pamphlet, “Facts connected with the stopping of the South African Commercial Advertiser”, laat druk en versprei het (De Kock 1982:47–8).

Bron vir albei figure: Suid-Afrikaanse Biblioteek-herdrukreeks 6. 1978. *The South African Commercial Advertiser No 1 January 7 1824 to No 18 May 5 1824 together with facts connected with the stopping of The South African South African Commercial Advertiser*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.



Figuur 4.
Voorblad van SACA op 5 Mei 1824



Figuur 5.
Die pamphlet “Facts connected with the stopping of the South African Commercial Advertiser” op 10 Mei 1824

In dieselfde tyd het die goewerneur boonop kapsie gemaak oor 'n kritiese artikel oor die lot van die Britse Setlaars van 1820 in die tweede uitgawe van *SAC*, en toe hy op pre-publikasie-sensuur vir die volgende uitgawe aandring, nes in die geval van *SACA*, het Pringle geweier en die tydskrif summier gestaak (De Kock 1983:2). Faure het versigtiger met sy inhoud en die verhouding met Somerset omgegaan en sy tydskrif het ongestoord voortgegaan en eers in 1843 ophou bestaan (De Kock 1982:33).

Die konflik met Somerset in 1824 het Pringle genoop om uit sy pos as assistentbibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Biblioteek te bedank. Hy is op 28 Mei 1824 deur Alexander Johnstone Jardine vervang (Tyrrell-Glenn 1972:123). Terwyl *SACA* gestaak was, is Jardine deur die drukker W.S. Bridekirk ingespan as redakteur van die kortstondig bestaande koerant *The South African Chronicle and Mercantile Advertiser* wat tot 1826 met goedkeuring van Somerset verskyn het, duidelik in 'n poging om kritiek oor sy optrede teen *SACA* te ondervang (Tyrrell-Glenn 1972:124). Met *SACA* se terugkeer het die koerant dan ook weer verdwyn.

Terwyl *SACA* se voortbestaan in die weegskaal was, het Pringle en Fairbairn ook in Julie 1824 probeer (uiteindelik sonder sukses) om 'n literêre vereniging, The South African Literary Society (SALS), te stig (Bregman 2003:49). Pringle was betrokke as sekretaris en Fairbairn is genooi om 'n toespraak ter stigting te lewer waarin hy verklaar het:

It has likewise been found a prudent measure, and very conducive to the peace and permanency of such associations, to exclude many topics of great interest and importance, but on which men's opinions are formed, rather from their temperaments and the accidents of life, than from universally accepted axioms or indisputable authorities. Under this head we rank conduct of existing Governments, or what is called the Politics of the day, controversial Theology, and, in Slave-countries, we may add, the subject of Slavery [...]. (Bregman 2003:54)

Hierdie siening, wat ook neerslag vind in uitsprake oor *SACA* se aanvanklike redaksionele posisionering (sien bespreking onder), kan gesien word as reaksie op die voortdurende konflik met Somerset oor persvryheid. Dit was met ander woorde om toestemming van die goewerneur te verkry om die vereniging te stig, wat hy in werklikheid daarna geweier het. Maar waarnemers wys ook daarop dat dit gestrook het met algemene beskouings van Fairbairn en ander oor hierdie tipe verenigings waarvan omstrede sake verkiekslik uitgesluit moes word (Bregman 2003:54).

Talle wetenskaplike verenigings is aan die begin van die 19de eeu aan die Kaap gestig, en alhoewel talle individue nou betrokke was in die konstruksie van idees oor ras, debatte oor slawerny, die legitimering van die aspirasies van koloniste en die najaag van koloniale uitbreiding, is hierdie kwessies doelbewus uit die amptelike agendas van hierdie verenigings op institusionele vlak weggelaat (Bregman 2003:30). Dit beteken nie die onderwerpe is as onbelangrik beskou nie, maar dui aan dat daar aansienlike verskille daaroor tussen lede was. "By providing a space from which politics (i.e. slavery and emancipation) was deliberately excluded, the institutions could play an even more important political role of preventing the colony's descent into conflict," skryf Bregman.

Hoewel hierdie uitspraak nie handel oor drukpublikasies nie, wil dit voorkom asof, en kan 'n mens spekuleer dat, die aanvanklike onderbeklemtoning van die slawernydebat in *SACA* moontlik ook aan die een kant as doelbewuste politieke taktiek benader is om nie 'n potensiële

leserskorps te verdeel nie en om eerder ander gemeenskaplike belang te probeer saamsnoer. Die feit dat slawe-advertensies terselfdertyd aanvaar is, hou waarskynlik daarmee verband – slawe is volgens wet aangeskaf en kon wettig verkoop word, en 'n koerant wat standpunt daar teen (wou) inneem, kon moontlik lesers vervreem. Die konteks van die tyd moet ook in gedagte gehou word, naamlik dat slawe "handelsware" was. 'n Advertensiebeleid wat die slawehandel ondanks politieke beginsel en morele afkeer insluit, kan aan die ander kant ook daarop duif dat kommersiële oorwegings "liberale" politieke oortuigings oorheers het. 'n Mens kan selfs spekuleer dat dit op die aanwesigheid van sinisme duif.

Hierdie teenstrydigheid is wel ook nie uniek aan *SACA* nie, want Bird (2021) het 'n soortgelyke tendens ontdek in navorsing oor koerante in Quebec in die periode 1789–1793. Bird skryf dat die nabye teenwoordigheid van antislawernysentimente en advertensies van die slawehandel, en spesifiek van drosterslawe, op die veelstemmigheid duif wat in koerante moontlik is. Bird (2021:398) skryf voorts:

It also reflects a disparity between the way that editors could align their community of readers with anti-slave-trade sentiments in the more discursive and outward looking parts of their newspapers, while advertisements for enslaved people were part of everyday business in the advertisement sections of the newspapers, which were paid for by members of the local community [...] It is possible that readers could have seen the abolitionist materials and runaway slave advertisements and could have held those disparate strands together.

Bird (2021:398) verwys ook na die tydgenootlike voorbeeld van Benjamin Franklin in die VSA (reeds bo bespreek) om aan te toon dat die Kanadese gevalle nie uniek is nie.

SACA se aanvanklike posisionering teenoor slawerny is in aansienlike mate deur die verhouding tussen die onderskeie taalgroepe van wit koloniste beïnvloed. Die volgende bespreking belig hoe *SACA* aanvanklik die verhouding beskou en probeer bevorder het.

6. *SACA* en die Nederlandssprekende koloniste

SACA het ondanks Somerset se verengelsingsbeleid aanvanklik probeer om noue samewerking tussen die Engels- en Nederlandssprekende koloniste te bewerkstellig (Du Plessis 1943:15).

In die eerste uitgawe van 7 Januarie 1824 het die koerant 'n kennisgewing ingesluit: "As doubts have been expressed, whether 'The South African Commercial Advertiser' is open to Dutch as well as English Correspondence; we have to state, that we shall most thankfully insert any Communications in Dutch that are properly authenticated." En op 14 Januarie 1824 het *SACA* aangedui:

We were gratefully surprised to see so many of the native inhabitants of this colony [the Dutch speakers] among our supporters, and the numerous enquiries which were made as to our intention in future of translating into the Dutch Language the most interesting parts of our Miscellaneous intelligence convinces us of the expediency of making arrangements for that purpose.

Op 5 Mei 1824 het die koerant 'n omstrede boek deur die koloniale amptenaar John Barrow, wat tot groot woede onder Nederlandse koloniste gelei het weens die fel kritiek daarin teenoor hulle, geresenseer en opgemerk:

To the Dutch colonists, now our countrymen and fellow subjects, we particularly address the following remarks. However much they may occasionally be galled or exasperated by the unfair or unfeeling sarcasms of English travellers or journalists, they may rest assured that the regards of the Government and generous people of England are ever directed towards them with indulgent liberality and affection. Let authors be judged of by their words; but nations and governments only by their actions. England, of all nations that ever existed, pursues the most liberal system of policy towards the countries she has won or nurtured [...] This Colony, if abandoned by England, would fall an easy prey to the first rapacious tyrant that chose to seize it. Under her free and fostering guardianship alone may we rationally hope to attain permanent prosperity, liberty and happiness. Let, therefore, no temporary vexations, nor any possible accumulation of private annoyances, ever for a moment disturb the perfect reliance, or weaken the firm loyalty of our fellow subjects (whether Dutch or English) towards the wise, just and beneficent Government of England [...].

Terwyl sommige advertensies reeds in Nederlands verskyn het sedert die eerste uitgawes, het *SACA* lesers op 17 Maart 1824 ingelig dat publikasie in beide Engels en Nederlands voortaan op nog groter skaal sou plaasvind:

The “Leading Article”, European news of most general interest, and such other parts as time will admit, will be translated; and when any article is unavoidably omitted, it will appear in the succeeding week. Original communications in the Dutch language, and Extracts from Dutch Papers &c. will be acceptable, if authenticated.

Die kennisgewing sluit af met: “This arrangement will also render the Paper a more ready channel for Mercantile and other Advertisements.”

SACA het dus politieke en kommersiële redes gehad om ook met slawe-eienaars saam te werk om sy doelwitte te bereik (Trapido 1990:95). Hy het die verhouding tussen Britse en Engels-sprekende koloniste as die sleutel tot die oplossing van al die kolonie se probleme en uitdagings, insluitend slawerny, beskou.

SACA se begeerte vir toenadering moet verstaan word teen die agtergrond van 'n verswakkende verhouding tussen die Britse en Kaaps-Hollandse koloniste in die laat 1820's en vroeë 1830's, onder meer die verlaging van die bevoordelende tarief op die uitvoer van Kaapse wyn na Britannje in 1826, wat die wynbedryf laat swik het, terselfdertyd vererger deur die instelling van nuwe slaweregulasies (Meltzer 1989:45). Die strategiese besluit om die verhouding tussen die groepe te verbeter het egter later onder druk gekom, onder meer weens verskille oor politieke kwessies soos die afskaffing van slawerny, en het in 1830 tot die stigting van 'n opposisie-koerant uit Nederlandssprekende gelede, *De Zuid-Afrikaan* (DZA), gelei.

7. Die redakteurs van *SACA* – liberalisme in konteks

Soos bo aangedui, was kommersiële belang 'n belangrike deel van *SACA* se aanvanklike posisionering. Vir 'n blad wat pas gestig is, was enige advertensie moontlik aanvaarbaar ter wille van die inkomste. Die koerant was in die eerste plek gerig op lesers wat betrokke was by handel en sakeondernemings aan die Kaap, met 'n kleiner gedeelte toegewyd aan ander onderwerpe wat dit interessant en vermaaklik sou maak (Gunter 1930:35). In die prospektus, 20 Desember 1823 gedateer, meld Greig (Suid-Afrikaanse Biblioteek-herdrukreeks 6 1978, s.b.):

The South African Commercial Advertiser is intended chiefly for the use and accommodation of persons connected with *Trade and Merchandise*. Its columns will be open for *Advertisements*, at a reasonable charge, in the English and Dutch Languages, announcing Sales, Arrivals of Goods, and such other Matters as the Merchant or Retail Dealer may wish to make known: Also Rates of Exchange:—Arrivals and Departures of Vessels:—State of the Market:—and any information that may tend to the advancement of *Trade and Commerce*, the Improvement of *Agriculture*, or the elucidation of *Science*.

Greig het ook in die prospektus verklaar dat “while we shall be happy to receive Communications from intelligent Correspondents, the ‘South African Commercial Advertiser’ will ever most rigidly exclude all personal controversy, however disguised, or the remotest discussion of Subjects relating to the Policy or Administration of the Colonial Government.” Verder het hy aangedui dat die insluiting van materiaal uit Engelse publikasies tot die ontwikkeling van die wetenskap, landbou en 'n literêre smaak by lesers sou lei, en tot die intellektuele en morele opheffing van die koloniste sou bydra (Gunter 1930:36).

In die eerste uitgawe van 7 Januarie 1824 het Greig die volgende beleidsverklaring ingesluit (nie deur hom geskryf nie, maar deur 'n medewerker – sien bespreking onder) en ook verwys na 'n kwessie wat koloniste erg verdeel het – die sogenaamde slawevraagstuk:

AMID the rapid improvements in knowledge, which pervade the territories subject to Great Britain, we cannot but notice the progress which has been made in this Colony; and while we feel as little inclined to utter a fulsome panegyric on its Government, as to canvass and criticise the measures of its Administration, we refer our candid readers to the various Proclamations which have recently (sic) issued relative to the Slaves of the Colony: -- Proclamations which, whilst they secure to the Proprietors the undoubted right to this property, ensured to the enslaved that protection which the humble and defenceless will always receive from British Justice.

SACA het voorts sy liberale voornemens aangedui in die koerant van 14 Januarie 1824 met die volgende aanhaling in die mashoof: “*The mass of the People must be barbarous where there is no PRINTING; and consequently, Knowledge is not generally diffused.*” Dr JOHNSON. In die volgende uitgawe, van 21 Januarie 1824, word die slagspreuk verkort deur die gedeelte ná “*PRINTING [...]*” te verwijder, en so is dit daarna gebruik.

Temas wat na vore kom in hierdie verklarings, sluit in die liberale idee van verbetering deur kennis, waarvan die koerant hom as voertuig sien, en die reg om krities te wees teenoor die regering, terwyl hy lojaal bly aan die wette van Groot-Brittanje en glo in sy superioriteit en gesag om beide die eiendomsreg van slawe-eienaars en die “nederige en weerlose” slawe te

beskerm. Hierdie balanseertoertjie sou aanvanklik kenmerkend wees van die posisionering van *SACA* ten opsigte van slawerny.

In die vroeë uitgawes van *SACA* is daar weinig te bespeur van 'n koherente redaksionele beleidsverklaring oor slawerny, en dit was eers teen 1826 dat die koerant meer uitgesproke geraak het.

Op 14 April 1824 verklaar 'n hoofartikel op die voorblad: "Some slight disturbances have of late taken place in the West Indies, and some outrages have been committed by the White and Black populations of those Colonies." Die artikel doen 'n beroep op die "slumbering wisdom of the British Government". Hierdie gebeure is deel van die groot slawevraagstuk [“great Slave Question”], volgens *SACA*, wat besliste, intelligente en finale optrede vereis om die vertroue en gevoldlik die vredeliewende onderdanigheid van die afhanklikes van die Britse Ryk te verseker. Die hoofartikel het nie 'n standpunt ingeneem oor hoe die slawevraagstuk aangespreek moet word nie – “[W]e look anxiously to Parliament for some resolution worthy of the British nation” – maar kritiek is uitgespreek teen diegene in Jamaika en Dominika wat “separated from the mob, and invested with legislative powers of no common extent, speak deliberately of seeking protection elsewhere than the mild, the fostering, and, we will add, with respect to them, the too indulgent Government of England”. Met ander woorde, die koerant het slawe-eienaars aangespreek wat sake in eie hande wou neem, en die blad het voorts verklaar: “[A]h! my good fellows, ruminate a little: -- one word from the British Government, in favour of East India Sugar, would annihilate half your property.”

Die hoofartikel het voorts die situasie in die Kaap aangeroer en in die verbygaan na die spanning tussen die Nederlands- en Engelssprekende koloniste verwys: “The old Colonists, perhaps, still harbour some remains of a national jealousy; or perhaps conceive the introduction of free labour likely to lessen the value of their Slaves.”

Nadat Pringle en Fairbairn ná twee uitgawes as mederedakteurs aangewys is, het *SACA* sy liberale politieke en konstitusionele posisie moontlik duideliker begin verklaar, maar steeds nie ten opsigte van slawerny nie. In verskeie uitgawes voor sy sluiting en ná sy hervatting het die koerant argumente aangebied vir meer toesig oor die mag van die goewerneur, vir die bevordering van burgerregte en grondwetlike hervorming, asook van 'n vrye pers (Gunter 1930:46). *SACA* se besluit om oor hofverrigtinge te berig het tot spanning met die owerhede en sensuur geleei.

Alhoewel die koerant toenemend vyandig teenoor die Kaapse koloniale regering was, was dit nooit buitensporig of anargisties nie, omdat dit ten gunste was van 'n liberale en rasionele bestuurstelsel en die uitleef van 'n samelewing se regte en vryhede, maar in daardie vry samelewing moes daar reg en orde en respek vir die wette en regeringsamptenare wees, aldus Gunter (1930:49). Die liberalisme van *SACA* moet dus in konteks van sy posisie in die 19de-eeuse koloniale samelewing gesien word.

Die koerant het met tale dringende prioriteite te kampe gehad, insluitend die vyandigheid van die goewerneur teenoor 'n vrye pers en die kommersiële lewensvatbaarheid van 'n koerant in 'n klein en verdeelde koloniale samelewing, met onder meer die brose verhouding tussen die gevestigde Nederlandssprekendes en die meer onlangse Engelse aankomelinge. 'n Verenigde wit koloniale leserskorps was meer winsgewend en het 'n groter politieke invloedsfeer verteenwoordig en stabiliteit beloof in 'n omgewing waarin kwessies soos slawerny besonder verdelend

was. Terselfdertyd kon Pringle en Fairbairn ook nie hulle ideale as “Franklins of the *Kaap*” heeltemal versaak nie (McKenzie 1998:88–102).

Levin Robinson (1961:72–3) som hulle posisie soos volg op (met verwysing na *SACJ*):

The impression is given however that while the editors’ liberal spirit would not allow them to keep silent regarding the errors of government and the distress of the settlers – on which they knew they had the majority on their side – when it comes to a social matter such as slavery or race relations, they felt it better to avoid alienating a large section of their potential public until the *Journal* was well established.

Pringle bevestig hierdie siening in sy boek *Narrative of a residence in South Africa* waarin hy in 1835 soos volg oor die vestigingsperiode van *SACA* skryf:

We had strictly excluded personality (the besetting vice of small communities) from our columns: not the shadow of a complaint could be brought against us on that score. Mere party politics we had shunned, as being altogether alien from our objects as colonial journalists. Topics likewise to excite violent controversy in the colony, such as the Slavery question, the conditions of the Aborigines, &c. (however decided were our own opinions on such points), we had also carefully abstained from discussing. We had in fact rejected numerous communications on all these subjects, considering it injudicious to arouse premature debate, even on legitimate and important questions, in the then critical condition of the press and of the colony. (1835:197)

Daarom het die redakteurs op 31 Maart 1824 ’n hoofartikel geskryf, duidelik in ’n poging om die vyandige Somerset te paaai, waarin hulle maan teen “loose talk of late; even in some highly respectable quarters about ‘Reports’ of the prevalence of a ‘Spirit of Radicalism’ throughout this Colony”. Hulle voel hulle daarom geroepe “to put down such dark and disgraceful allegations”. As Suid-Afrikaanse koloniste en redakteurs van ’n Suid-Afrikaanse koerant het hulle verklaar: “[W]e disclaim the name and detest the principles of Radicals or Levellers [...] and acknowledge no principles but those of the British Constitution, as by Law established, and we disavow, with indignation, all opinions that in anywise tend to disunite Civil Liberty and Religious Toleration from loyalty to the Throne and reverence to the Altar.” Nog ’n aanhaling, op 21 Januarie 1824, oor ander politieke gebeure van daardie tyd vertoon die konteks van *SACA* se liberalisme verder:

There have been no arrivals from Europe since our last, and few occurrences of general interests at home, expect that the Caffres seem still disposed to renew their depredations on the frontier. It is the opinion of many, that fear is the only sentiment which can permanently influence the mind of the savage; but even this feeling in the present case appears to be very transitory and ineffective. When they become civilized people their partiality to colonial beef and buttons may be turned to good account. At present, it must be confessed, they are, in every sense of the word, “ugly customers”.³

Tog kon hierdie “ugly customers” wel goed baat vind by Britse “beskawing” en hierin het *SACA* die rol van sendingwerkers hoog aangeskryf, soos in die uitgawe van 28 Januarie 1824, waarin *SACA* die Engelse pers prys vir die produksie van tallose religieuse tekste en die werk van Christen-sendelinge “among the wild tribes bordering on this Colony”:

Unarmed – except with the meekness in which they endeavour to imitate the first teachers of Christianity – they approach, and, in spite of the most contumelious treatment, take up

their abode in the mist of savage hordes to whom violence, robbery, murder and every abomination is familiar, by persuasion and good example alone, to rekindle in the breast of these wretched beings, the principles of justice, benevolence, and the love of God. Their success will soon give to all the world another proof of the Divine Wisdom which commanded this method, in the conversion of the Heathen.

Hierdie houdings herinner aan, en is moontlik te danke aan, die noue verhouding tussen Pringle en Fairbairn en die London Missionary Society (LMS), en spesifiek sy verteenwoordiger in die Kaap, John Philip, wat in 1831 Fairbairn se skoonpa geword het (Du Plessis 1943:24). Philip het Fairbairn en *SACA* sterk beïnvloed en ook as korrespondent onder die skuilnaam Colonist bygedra, dermate dat *SACA* in sommige kringe as die “Philippine press” bekend gestaan het (Rabe 2020:66; sien ook bespreking onder).

SACA se verhouding met en houding teenoor inheemse Afrikane vertoon kenmerkende sentimente en teenstrydighede. *SACA* is nie heeltemal uit voeling met die populêre wit koloniale sentimente van sy tyd nie, maar is ook ietwat krities daarteenoor en laat die deur oop vir “ontwikkeling” danksy die voordele van Britse “beskawing”.

Meltzer (1989:184) se slotsom is dat “Fairbairn, in fact, entertained great concern for the weakness of so-called civilization at the Cape to survive ‘the evil genius of Africa’.” Die wit koloniste was dus in gevaar.

Meltzer (1989:187) se standpunt is dat die tipies teenstrydige en onliberale aard van Fairbairn se liberalisme teenoor die inheemse mense van Suid-Afrika “reflects the limited potential for its development in a colonial society where demands for subjugated agricultural labour from early on moulded racist attitudes”.

Maar soos reeds bo aangedui, was daar in *SACA* se stigtingsperiode in 1824 'n veelstemmigheid by *SACA* te bespeur wat moontlik later begin verdwyn het nadat Fairbairn eers by Pringle en later ook by Greig oorgeneem het. 'n Aanduiding van die veelstemmigheid wat in die vestigingsperiode in *SACA* sigbaar was, blyk uit handgeskrewe notas wat Pringle self op bladsye van 'n bundel van die eerste 18 uitgawes van *SACA* aangebring het, en waarvolgens Botha (1984:18) die volgende skrywers van artikels identifiseer:

The leading article of the first edition on 7 January 1824 was ascribed to Herbert Pugh, while Greig was himself responsible for that of 14 January 1824. Fairbairn was identified as author of the editorials of 21 and 28 January, 11 February, and of 28 April 1824. The second editorial on 28 January and that of 4 February 1824 were the work of Thomas Pringle. The well-known merchant and traveller, George Thompson, was the author of a two-part article on the Mantatees [inheemse bevolking in die Oos-Kaap] in the first two editions (7 and 14 January) while Pringle contributed an article in the third issue (21 January) on the paintings of De Meillon, and a poem entitled “Speech at His Majesty King Mateebe”. In the fourth edition (28 January) W.T. Blair, an official from Madras on visit at the Cape, published “Hints for the formation of an Agricultural Society”, while Fairbairn published a poem entitled “Song”. The long letter signed “Indicator” in the edition of 10 March 1824 was the work of Benjamin Moodie, leader of the emigration scheme to the Cape in 1817.

Oorsigtelik oor *SACA* se slawerny-uitsprake skryf Meltzer dat met die opmerklike uitsondering van 'n aantal vrome verklarings waarin Fairbairn, as redakteur, homself duidelik as vriend van die humanitaire beweging uitgespreek het, is die “most striking characteristic of his discussion

of slavery [...] the virtual absence of any moral or social condemnation of the institution” (1989:43–4). Tog, gee sy toe, was sy posisie in hierdie opsig heeltemal in ooreenstemming met ander Engelse afskaffers, wat selde Bybelse interpretasies in argumente teen slawerny gebruik het (1989:43). Hulle hoofargument was sekulêr en eerder gefokus op nasionale belang en buitelandse kompetisie (1989:44).

Die rol van Philip (in verhouding tot Somerset) in *SACA* se ontstaan word vervolgens kortlik belig.

8. Philip se rol (en Somerset se teenstand)

Die rol van John Philip in *SACA* se posisionering en die persvryheidstryd is volgens De Kock (1983) en onlangse waarnemers soos Rabe (2020:65–7) moontlik groter as wat algemeen aanvaar word.

Die 47-jarige Philip, hoof van die LMS in Suid-Afrika, “‘n sober en toegewyde man”, was “‘n uiters suksesvolle predikant in Skotland voor sy aankoms in die kolonie in 1819” (De Kock 1983:63). Hy het “doktorate besit wat die Londense Sendinggenootskap in Amerika vir hom verkry het – om die Hollands-Afrikaanse bevolking te imponeer”.

Philip het aanvanklik op goeie voet met Somerset probeer verkeer, maar hy het “gou tot die oortuiging gekom dat die lot van die swart mense in die kolonie van ‘n verandering van die politieke orde afhang”. In mense soos Pringle en Fairbairn het hy geesgenote gevind en hy sou “een van die mees omstredre figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word en veel daartoe bydra om persgesindhede te bepaal”. Philip was onder diegene wat “van ras ‘n morele strydpuut in Suid-Afrika gemaak het. Nooit weer sou die bewoners van die kolonie, en sy pers, toegelaat word om dit in ‘n ander lig te sien nie” (De Kock 1983:64).

Pringle en Philip het mekaar in 1820 ontmoet en kontak behou rondom planne van eersgenoemde om ‘n skool in die Kaapkolonie te begin (Keegan 2016:88). Toe Pringle dus in 1822 na Kaapstad verhuis en toestemming kry om met sy planne vir die skool voort te gaan, kon hy op Philip se ondersteuning staatmaak.

Intussen het Fairbairn hom, soos bo aangetoon, op 11 Oktober 1823 as vennoot by Pringle in die Kaap aangesluit (Botha 1984:1). Hulle gesamentlike Classical and Commercial Academy is in Desember 1823 in ‘n groot dubbelverdiepinghuis op die hoek van Harringtonstraat en Keisersgracht geopen en het gou aandag onder Britse en Nederlandse koloniste gewek (Keegan 2016:88). Toe Pringle ook toestemming ontvang om met sy tydskrif voort te gaan, het Philip hom dus in 1824 “deur ‘n netwerk van kontakte en ondersteuners in ‘n benydenswaardige posisie bevind om die teenstand teen Somerset doeltreffend aan te wend” (De Kock 1983:64).

Pringle se teenstand teen Somerset is dus ook aangevuur deur laasgenoemde se geskil met Philip. Somerset het ‘n afkeer gehad van “religieuse nonkonformisme” en Philip se politieke ambisies en het Pringle en Fairbairn se skool beskryf as ‘n “kweekskool vir opruiing” en ‘n plek waar die mees “walglike Republikeinse beginsels” verkondig word (Keegan 2016:88–9). Somerset het laat blyk dat diegene wat hulle daarmee assosieer, hulle die afkeer van die regering op die hals kan haal, en staatsamptenare kon hulle werk in die gedrang bring.

Toe Greig *SACA* in 1824 begin, kon hy ook op Pringle, Fairbairn en Philip se ondersteuning staatmaak, maar onder die dekmantel van anonimititeit (Keegan 2016:89). Terwyl eersgenoemde

twee ná die tweede uitgawe as mederedakteurs ingetree het, het Philip redaksionele inhoud verskaf. Somerset het vermoed dat Philip betrokke is en aan lord Bathurst geskryf dat “the Reverend as he styles himself”, die “real writer for the seditious Press” was.

Die drukperse waarop Greig *SACA* gedruk het, was danksy Philip afkomstig van die LSM (Keegan 2016:89). Dit het in 1819 in die Kaap aangekom en het in Bethelsdorp in onbruik geraak totdat Philip dit teruggebring het Kaap toe en aan Greig geleent het om weer in gebruik te stel. Hoewel Philip erken het dat die twee handperse aan die LMS behoort het en hy dit aan Greig geleent het, het hy hom in die openbaar van betrokkenheid by *SACA* en die publikasie van “matters of a personal and political nature” in die koerant gedistansieer, omdat hy die LSM uit openbare omstredenheid wou hou en ’n goeie verhouding met die owerhede probeer handhaaf het (Keegan 2016:90). Hy het dus ook nie die versoekskrif oor persvryheid aan die Britse koning in 1824 onderteken nie. Greig was ontsteld oor Philip se ontkenning van samewerking rondom die drukperse en het hom “op die allervriendelikste manier as leuenaar” bestempel (De Kock 1983:65).

Philip was wel saam met Pringle, Fairbairn en ander betrokke by die stigting van die wetenskap- en literêre vereniging wat Somerset in 1824 aangevaard het omdat hy die aanstigers as “radikales” beskou het (sien bespreking bo).

Somerset se veldtog teen Pringle se *SAJ* en Greig se *SACA*, wat in Mei 1824 op die spits gedryf is, het ook ’n sterk persoonlike element gehad. In die geval van *SAJ* het Somerset se beswaar waarskynlik ook te doen gehad met kritiek op sy seun, Henry, wat verantwoordelik was vir die polisiëring van die Xhosa-grens (Keegan 2016:91). Soos reeds genoem, is Somerset se aksie teen *SACA* aangevuur deur die rapportering van ’n hofsaak waarin ’n kolonis wat die goewerneur glo belaster het, aangekla is (Keegan 2016:89).

Philip se openbare posisionering van onafhanklikheid en afstand van *SACA* het Somerset egter nie gepaai nie en hy het ’n verbete veldtog teen hom gevoer en hom op allerhande maniere probeer diskrediteer en uit die kolonie probeer dryf op aanklagte van politieke inmenging (Keegan 2016:92, De Kock 1983:64). Maar Somerset het ook talle teenstanders gehad, en sy optrede teen *SACA* en Greig, veral sy summiere verbanning, is as magsoorskryding beskou. Uiteindelik het die gety teen Somerset gedraai en is hy herroep terwyl Philip steeds agter die skerms, en dikwels onder ’n skuilnaam, by *SACA* betrokke gebly het (Keegan 2016:94).

Hierdie bespreking toon aan dat daar talle faktore en invloedryke individue was, onder wie Philip, wat bepalend opgetree het in die stigtingsperiode van *SACA*. Terwyl *SACA* en sy stigters ’n belangrike element in die komplekse netwerk van belang was, kan die koerant egter nie geïsoleer of geëssensialiseer word nie.

9. Ten slotte: *SACA* en slawerny

Die artikel toon aan dat *SACA* se posisionering ten opsigte van slawerny in sy stigtingsperiode die resultaat van uiteenlopende dryfvere en belang was. Eerstens was daar goewerneur Somerset se afkeer van en teenstand teen ’n vrye pers, en spesifiek die betrokkenheid van figure soos Greig, Philip, Pringle en Fairbairn, teenoor wie hy persoonlik en polities vyandig was (en hulle teenoor hom).

SACA was dus genoodsaak om sy politieke posisionering te temper deur onder meer omstrede sake te onderbeklemtoon of te vermy, anders sou die koerant 'n maklike teiken vir sensuur wees. Maar op een beginselsaak het *SACA* se stigters vasgestaan: Geen vooraf sensuur deur die koloniale regering sou aanvaar word nie, terwyl die koerant seker was dat hy groot steun onder koloniste sou verwerf deur op meer burgerlike vryhede aan te dring. Slawerny was egter 'n verdelende onderwerp.

Hoewel Somerset in 1823 regulasies deurgevoer het om die slawe se omstandighede te verbeter, het Pringle en kie getwyfel aan sy verbintenis tot 'n "liberale" agenda, en hulle vertroue is uiteraard verder aangetas deur sy pogings om hul projekte, insluitend 'n tydskrif en koerant, 'n skool en 'n literêre vereniging, in die wiele te ry.

SACA se stigters het ook strategies teenoor die potensiële leserskorps gestaan, en wou om verskeie redes 'n goeie verhouding met alle wit koloniste vestig. Figure soos Fairbairn het politieke vergesigte gehad van *SACA* as voertuig vir politieke mobilisering om meer burgerlike vryheid, insluitende meer verteenwoordigende regering, te verwerf, en daarvoor was same-werking tussen Nederlands- en Engelssprekendes nodig. Die verdelende kwessie van slawerny moes dus veral aanvanklik onderbeklemtoon word, want baie van eersgenoemde was slawe-eienaars met gevestigde belang. Daar was ook 'n siening dat 'n verenigde demokratiese beweging van koloniste op eie stoom slawerny sou (kon) afskaf.

Voorts is daar die kwessie van wat "liberaal" vir die stigters van *SACA* beteken het, met ander woorde hoe dit in die konteks van die 19de eeu verwoord is. Soos gesien in die voorbeeld van Benjamin Franklin van die VSA – wat Fairbairn geïnspireer het – was teenstrydigheid oor slawerny van vroeg af aan deel van die dilemma waaroor die baanbreker-hervormers in die Weste gewroeg het. Al was van hulle ook ten gunste van afskaffing, was daar soveel invloedryke gevestigde belang rondom slawerny dat kompromieë onvermybaar voorgekom het. Voorbeeld van koerante in Amerika en Kanda met soortgelyke teenstrydige posisionering is vermeld.

SACA het ook, in navolging van sommige afskaffers, probeer om religieuse en emosionele argumente oor slawerny te vermy deur pragmatis te wees, en het sy afkeer van die stelsel met teenargumente oor slawe as "wettig verkrygde eiendom" gebalanseer en die "vraagstuk" aanvanklik in die hande van die Britse regering gelaat om op te los.

Laasgenoemde het ingespeel op 'n belangrike aspek van *SACA* se vroeë posisionering jeens slawerny wat moontlik soms uit die oog verloor word: die sterk kommersiële belang wat die koerant van die begin af vir sy stigters verteenwoordig het. Advertensies oor die slawehandel het tot hulle inkomste bygedra en die argument kan ook geopper word dat die koerant nie slawe-advertensies wou weier terwyl van sy lesers as wettige aktiwiteit daarby betrokke was nie. Slawe-eienaars was ook betrokke by talle ander handelstransaksies, en om hulle rondom slawerny te vervreem kon uitkringende ekonomiese gevolge gehad het.

As simboliese vaandeldraer van die ontstaan van onafhanklike Suid-Afrikaanse koerant-joernalistiek is die beginselvastheid van die stigters rondom sensuur 'n ligpunt om aan te prys. Maar die geskiedenis van nader belig, toon ook aan dat met betrekking tot die kwessie van slawerny die eerste onsekere treë van *SACA* beïnvloed is deur die alledaagse persoonlike intriges, ambisies en belang van talle individue, die realiteite van politieke en ekonomiese uitdagings, en die koloniale tydsgees aan die begin van die 19de eeu. Die verhaal van *SACA* verdien, met ander woorde, om met talle nuances aangebied te word. In daardie opsig het die geskiedenis van die joernalistiek twee eeue later waarskynlik nie veel verander nie.

Verdere navorsing kan fokus op die sogenaamde kerk-staat-verdeling wat in die pers/media gevestig is, maar klaarblyklik voortdurend onder druk is en bevraagteken word. 'n 20ste-eeuse voorbeeld van spanning rondom die redaksie/advertensie-verdeling was die stryd wat media-maatskappy gestry het om tabak/rook-advertensies te kan behou ter wille van die inkomste, terwyl hulle redaksioneel berig het oor die gesondheidsgevare van rook. Die Britse koerant *The Guardian* het onlangs besluit om geen meer dobbeladvertensies te aanvaar nie, omdat dobbel so verslawend is, terwyl TV-programme hier te lande deur dobbelmaatskappy geborg word.⁴ Bo is reeds verwys na die SABC se weiering om 'n advertensie met politieke inhoud van 'n burgerlike organisasie uit te saai.

Debatte oor die posisionering en rol van onafhanklike kommersiële joernalistiek in die samelewning, wat in Suid-Afrika met *SACA* se stigting begin het, duur dus voort.

Bibliografie

- AfriForum. 2023. SABC bans AfriForum's radio advertisement about "Kill the Boer", 27 Augustus. <https://afriforum.co.za/en/sabc-bans-afriforums-radio-advertisement-about-kill-the-boer> (20 September 2023 geraadpleeg).
- Armstrong, J.C. en N.A. Worden. 1979. The slaves, 1652–1834. In Elphick en Giliomee (reds.) 1979:109–83.
- Bird, E. 2021. Slavery and transatlantic anti-slave-trade sentiment in Quebec's newspapers, 1789–1793. *Journal of Transatlantic Studies*, 19:387–407. <https://doi.org/10.1057/s42738-021-00080-3>.
- Botha, H.C. 1984. *John Fairbairn in South Africa*. Kaapstad: Historical Publication Society.
- Botma, G. 2023. Contemporary critics and seminal sources: a critical review of the historiography of the first newspaper in South Africa. *Media History*, 29(2):163–76. <https://doi.org/10.1080/13688804.2022.2054411>.
- Bregman, L.D. 2003. Snug little coteries: a history of scientific societies in early nineteenth century Cape Town, 1824–1835. PhD-proefschrift, University College London.
- Conboy, M. 2012. *How journalism uses history*. New York: Routledge.
- De Kock, W. 1982. *A manner of speaking: the origins of the press in South Africa*. Kaapstad: Saayman & Weber.
- . 1983. *'n Wyse van spreke: die ontstaan van die pers in Suid-Afrika*. Kaapstad: Saayman & Weber.
- Dick, A.L. 2018. Reading authors of the Enlightenment at the Cape of Good Hope from the late 1780s to the mid 1830s. *Journal of Southern African Studies*, 44(3):383–400. DOI: 10.1080/03057070.2018.1445361.

Du Plessis, J.H.O. 1943. Die Afrikaanse pers. 'n Studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as sosiale instelling. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Elphick, R. en H. Giliomee (reds.). 1979. *The shaping of South African society, 1652–1840*. Middleton, Connecticut: Wesleyan University Press.

Finkelman, P. 2014. *Slavery and the founders: race and liberty in die age of Jefferson*. New York: Routledge.

Goodreads. s.j. Christopher Hill > Quotes. https://www.goodreads.com/author/quotes/97522.Christopher_Hill (8 Junie 2023 geraadpleeg).

Gunter, C.F.G. 1930. Die eerste nuusblaai aan die Kaap (1800–1833) en die stryd vir die vryheid van die pers (1823–1829). MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Hachten, W.A. en C.A. Giffard. 1984. *Total onslaught: the South African press under attack*. Johannesburg: Macmillan.

Keegan, T. 2016. *Dr Philip's empire: one man's struggle for justice in nineteenth-century South Africa*. Kaapstad: Random Press.

Levin Robinson, A.M. 1961. The English periodical literature of the Cape colony from its beginning (1824) to 1853: A study of the origin, development and character, with special reference to the editors, publishers and contributors and its reflection on the life of the times. PhD-proefskrif, Universiteit Kaapstad.

Mason, J.E. 1994. Paternalism under siege: slavery in theory and practice during the era of reform c1825 through emancipation. In Worden en Crais (eds.) 1994.

McKenzie, K. 1998. Franklins of the Cape: *The South African Commercial Advertiser* and the creation of a public sphere, 1824–1854. *Kronos*, 25:88–102.

Meltzer, J.L. 1989. The growth of Cape Town commerce and the role of John Fairbairn's *Advertiser* (1835–1859). MA-verhandeling, Universiteit Kaapstad.

Meurant, L.H. 1885. *Sixty years ago, or reminiscences of the struggle for the freedom of the press in South Africa and the establishment of the first newspapers in the Eastern Provinces*. Kaapstad: Saul Solomon & Co.

Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die suide: geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915–1948*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Penn & Slavery Project. s.j. Ownership. Benjamin Franklin. <https://pennandslavaveryproject.org/exhibits/show/slaveownership/earlytrustees/benfrank> (9 Julie 2023 geraadpleeg).

Pringle, T. 1835. *Narrative of a residence in South Africa*. Londen: Edward Moxon, Dover Street.

Rabe, L. 2020. *A luta continua: a history of media freedom in South Africa*. Stellenbosch: Sun Press.

—. 2021. Die oorsprong van die (Hollands-) Afrikaanse joernalistiek, die tydsgewrig, en Abraham Faure as pionier. *LitNet Akademies*, 18(3):258–94. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/12/LitNet_Akademies_18-3_10_Rabe.pdf.

Ross, R. 1994. “Rather mental than physical”. Emancipations & the Cape economy. In Worden en Crais (reds.) 1994.

Shell, R.C.-H. 1994. *Children of bondage: a social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652–1838*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Smith, A.H. 1971. *The spread of printing, eastern hemisphere, South Africa*. Amsterdam: Van Gent & Co.

Starkman, D. 2013. Bloomberg News and the problem of church-state separation. *Columbia Journalism Review*, 26 November. https://archives.cjr.org/the_audit/bloomberg_news_and_the_problem.php (20 September 2023 geraadpleeg).

Streak, M. 1974. *The Afrikaner as viewed by the English*. Kaapstad: C. Struik.

Suid-Afrikaanse Biblioteek-herdrukreeks 6. 1978. *The South African Commercial Advertiser No 1 January 7 1824 to No 18 May 5 1824 together with facts connected with the stopping of The South African South African Commercial Advertiser*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

Tomaselli, K.G. 2002. A brief history of South African journalism, mass communication, and media education. *African Communication Scholars Association*, 4(1):111–35.

Trapido, S. 1990. From paternalism to liberalism: the Cape colony, 1800–1834. *The International History Review*, 12(1):76–104. <https://www.jstor.org/stable/40106134>.

Tyrrell-Glenn, W.H.P.A. 1972. An account of some early libraries and book collections at the Cape of Good Hope, with special reference to the establishment of the South African Public Library. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Voorwoord. 1978. *The South African Commercial Advertiser No 1 January 7 1824 to No 18 May 5 1824 together with facts connected with the stopping of The South African South African Commercial Advertiser*. Library Reprint Series 6. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

Watson, R.L. 1990. *The slave question: liberty and property in South Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Worden, N. en C. Crais (reds.). 1994. *Breaking the chains: slavery and its legacy in the nineteenth-century Cape colony*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Eindnotas

¹ In daardie jaar, volgens 'n berig in *SACA* (3 Maart 1824), was daar in Kaapstad volgens 'n sensus deur die "Wardmasters" teen einde Februarie 8 246 wit inwoners, 1 870 "vryswartes", 956 "Apprentices (or Prize Slaves)", 520 "Hottentots" en 7 076 slawe, vir 'n totaal van 18 668 inwoners. Onderaan is 'n nota: "Neither the Military nor the recently arrived Settlers are included in this Census and even exclusive of this, it is believed that the actual population does not fall short of 20,000 souls."

² Die tema van die kerk-staat-verdeling in die joernalistiek en 'n voorbeeld daarvan is voorgestel deur twee anonieme beoordelaars van hierdie artikel.

³ 'n Anonieme beoordelaar van hierdie artikel wys tereg daarop dat die "liberale" redakteurs van hulle tyd nie hul inherente rassisme/vooroordele en koloniale verhewendheid / Britse meerderwaardigheid kon raaksien nie" en vervolg: "Dis natuurlik ook presentisties gesien, want in die konteks van die tyd was die Kaaps-Hollandse bevolking (wat die Britte reeds as 'natives' gesien het) en die inheemse mense / eerstenasiesmense in 'n veel laer klas as die Britse koloniste, inderdaad as 'savage' en 'wretched beings' – so much for British liberalism wat eintlik British superiority moet wees."

⁴ Hierdie paragraaf spruit uit 'n voorstel van 'n anonieme beoordelaar.